**Kaapse Wynland-distrik**

VERWYSING: HealthNet-Toestemmingsvorm

Navrae: Jo-Anne Otto

**Vir onmiddellike vrystelling**

**OPENBARE KENNISGEWING: HEALTHNET-BESPREKINGSPROSEDURE IN DIE KAAPSE WYNLANDDISTRIK**

Wes-Kaap Regering Gesondheid in die Kaapse Wynland stel hiermee die publiek in kennis dat, vanaf 1 Julie 2012 ’n Goedkeuringsvorm geïmplementeer sal word wat pasiënte moet hê om toegang tot die HealthNet-pasiëntvervoerdiens te bekom. Die HealthNet-bus bied ’n vervoerdiens aan pasiënte wat ’n afspraak het by ’n fasiliteit wat nie die gewone fasiliteit is wat hulle gebruik nie.

Pasiënte wat ’n mediese noodgeval het, moet steeds 10177 skakel om ’n ambulans te ontbied.

Weens die hoë getal pasiënte en die beperkte getal sitplekke beskikbaar, word dit van alle pasiënte wat gebruik maak van die HealthNet-busdiens verwag om ’n goedkeuringsvorm te hê wat deur die verwysende gesondheidswerker uitgereik word. Aangesien daar in die verlede misbruik gemaak is van die HealthNet-busstelsel kon pasiënte wat afsprake gehad het by verafgeleë fasiliteite nie sitplek op die bus bekom nie en is afsprake gevolglik gemis. Voortaan sal slegs pasiënte in besit van ’n nuwe goedkeuringsvorm toegelaat word om op HealthNet-busse te reis.

Pasiënte wat die HealthNet-busdiens benodig, sal moet sekermaak dat die gesondheidswerker wat hulle verwys hulle van die volgende voorsien:

- die ondertekende goedkeuringsvorm
- die afspraakdatum en die vertrektye van vervoer
- die naam van die fasiliteit waar die afspraak is.

Wes-Kaapse Regering Gesondheid is daartoe verbind om ons dienste te verbeter en toe te sien dat ons pasiënte die korrekte sorg by die korrekte fasiliteit ontvang.

Kontak: Jo-Anne Otto
Hoof- Kommunikasiebeampte
Wes-Kaapse Regering Gesondheid
Kaapse Wynland-distrik
Worcester
Tel.: 023 348 8100
Fax: 023 342 8501
Sel: 072 80 80 106
E-pos: ejotto@pgwc.gov.za